

28 Februarie

Jakobus 5:13-20

Bid!

Jakobus noem baie sake waarvoor ons moet bid en verseker ons dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. Hoewel daar baie voorbeelde in die Bybel is van mense wat groot dinge vermag het deur gebed, noem Jakobus spesifiek vir *Elia*. Vers 17 sê: "Elia was 'n mens net soos ons." By nie een van die ander gebedsreuse in die Bybel kom die *menslikheid* van die bidder so duidelik aan die lig as by Elia nie. Hy het immers na die intense geloofstryd van 3 en 'n halwe jaar wat uitgeloop het op die groot geloofsoorwinning op Karmel so totaal platgeval dat hy gewens het hy kon sterf! Dis nadat hy gehoor het koningin Isebel wil hom doodmaak. Hy was werklik 'n mens net soos ons!

Ons kan ons dus met Elia *vereense/wig*, want wie beleef nie soms ook daardie tye van totale moedeloosheid soos Elia nie? Ons weet watter *uitwerking* sy gebed gehad het. Dat God so wonderlik na 'n mens soos Elia geluister het! Dat God ook so wonderlik na 'n mens soos *jy* sal luister!

Sing Psalm 66:7

Ds. D.H.P. Wijnbeek (Steynsburg)